

Gee ons hoop Johanna!

Die tuis-komposterende projek wat werk – een huishouding op ‘n slag



‘n Pionerende Dreamcatcher South Africa NPC inisiatief in samewerking met die ‘Stilbaai, Melkhoufontein & Jongensfontein (SMJ) Community Waste Working Group’ en ‘Henque Waste Warriors’



Wat is ‘n Green Johanna?

Die Green Johanna is ‘n toppresterende komposteerder wat afvalkosse (insluitend vleis, vis en geprosesseerde kosse), tuinafval, karton en papier afbreek na hoë kwaliteit kompos.

Hoekom komposteer?


Meeste afval wat gegenereer word in Suid Afrika word gestort by swak-presterende stortingssterreine, wat ‘n merkbare negatiewe impak het om die omgewing en die gesondheid van die gemeenskap. Die strewe na volhoubaarheid beteken dat die koste rondom die bestuur van afval bestem is om te vermeerder en die verantwoordelikheid gaan word van huishoudings en besighede wat afval genereer. Om die ekonomiese-, sosiale- en omgewingsimpak van afvalmateriaal aan te spreek, moet die fokus val op die vermindering, hergebruik en herwinning van afvalmateriaal om sodoende te keer dat afval by stortingssterreine opeindig. ‘n Sleuteloplossing hiervoor is om organiese afval te komposteer. In kombinasie met die uitstekende herwinningsdienste wat Hessequa Waste bied, kan tuiskompostering die hoeveelheid afval wat deur die munisipaliteit ingesamel en verwyder moet word, merkbaar verminder.

So, wat is organiese afval, waarom is dit belangrik, en hoekom kompostering?

Organiese afval - bestaande hoofsaaklik uit kos- en tuinafval – is ‘n bruikbare hulpbron wat herwin kan word vir kompos om vrugte, groente en blomme te kweek. In Suid Afrika word die meeste van hierdie “hulpbronne” tans nie gebruik nie, want dit word gestuur na en afgelaai by stortingssterreine waar dit kweekhuisgasse genereer wat negatief bydra tot klimaatsverandering.

Die Wes-Kaapse regering het dit ten doel gestel om teen 2022 50% van organiese afval te herlei vanaf stortingssterreine. **Teen 2027 sal die storting van organiese afval by stortingssterreine verbied word. Die tuis-kompostering van organiese afval is geprioritiseer** as ‘n kern intervensie om al hierdie teikens te bereik. **Voordele sluit in:**

- ‘n **Waardevolle hulpbron** wat in jou tuin gebruik kan word! Kompos verbeter die aard en die tekstuur van die grond deurdat ryk, organiese voedingstowwe in die grond gelos word.
- Die hoeveelheid afval wat deur die munisipaliteit verwyder moet word, word **onmiddelik verminder**. Dit lei tot ekonomiese besparing vanweë laer brandstofkoste en laer vullisverwyderingskoste – kostes wat die healtyd styg.
- **Verminder** vullissak onkoste – jy koop minder sakke soos jou vullis verminder.
- **Minder vrystelling van skadelike uitlaatgasse** deur die herleiding van organiese afval vanaf stortingssterreine, en verminderde beweging van voertuie, want minder afval word vervoer na stortingssterreine.



Wat kan jy doen om die organiese afval kwessie aan te spreek, en waarom die Green Johanna?

Die Dreamcatcher South Africa span het ekstensiewe praktiese ondervinding van tuiskompostering. Ons het in 2010 die eerste Green Johanna eenhede geïnstalleer om die impak en lewensvatbaarheid na te vors. Veertien jaar later funksioneer hierdie eenhede steeds en produseer hulle kompos. Die voordele van Green Johannas is onafhanklik erken en is bekroon met die 'Best Buy for composters' deur die [BBC Gardeners' World Magazine](#).

- ✓ Dit hanteer alle kosafval (insluitend **gekookte en ongekookte vleis en vis**) en tuinafval en die 330lt kapasiteit is **groter** as enige ander konvensionele tuiskomposteerders.
- ✓ **Geen poeiers of byvoegings is nodig nie**
- ✓ Anders as ander tuiskomposteerders, is die Green Johanna **ten volle geslote** – insluitend die basis – wat verhoed dat ongediertes en honde by die afval kan uitkom. Die sisteem is beproef in "townships" en in plattelandse areas en geen probleme is ondervind nie.
- ✓ Dit is vervaardig van **100% herwinde plastiek**, het 'n **veilige draaibare skuifdeksel** wat help om ventilasie te reguleer, asook 'n **gepatenteerde lugvloeisisteem** wat verseker dat die eenheid geaëreer bly om sodoende hoë kwaliteit kompos te produseer.

Kompostering is 'n sikliese, aaneenlopende proses. Nadat material bygevoeg word – 'n mengsel van kos- en tuinafval - begin die afbreekproses dadelik en die afvalmateriaal verminder in volume. Ondervinding dui daarop dat die eerste kompos verwag kan word binne 4-6 maande. Die kompos word verwyder van die 2 luike aan die onderkant van die eenheid.



Hoe om 'n Green Johanna te bekom

Dreamcatcher SA is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie. Ons fokus is om die lewenskwaliteit van mense en hul omgewing te verbeter. Ons navorsing in Stilbaai en omliggende omgewing dui daarop dat min huishoudings enigsins komposteer. Om hierdie gaping te oorbrug het Dreamcatcher 'n beperkte aantal Green Johannas verkry om te versprei. Dankie aan die donateurs vir hul ondersteuning. Ons is trots om die Green Johanna eenhede beskikbaar te stel teen **ZAR 2,500 elk** – dit is **32% minder** as waarvoor dit in die VK verkoop. Hierdie eenmalige bedrag sluit aflewering en installasie deur ons ervare Dreamcatcher span in, sowel as deurlopende ondersteuning. Om u Green Johanna te bestel, en sodoende jou eie kompos te kan maak, die negatiewe impak van organiese vullis op die omgewing te verminder en geld te spaar, kontak ons vandag!

E-pos: Info@dreamcatchersouthafrica.com

WhatsApp na: 077 419 8824 (Elmordine) **of Teks/SMS Kantoor:** 069 919 5265

Vir meer inligting, besoek ons webwerf: <https://dreamcatchersouthafrica.com/green-johanna-guidance-and-tips>